# VAN DIE SUSTERS

Die susters nooi graag elke lidmaat na ons Nagmaalete, wat sommer ook die gemeente se afsluiting vir die jaar sal wees, DV op **Sondag, 23 November**, na die erediens. Kom geniet die Gemeenskap van gelowiges en eet heerlik saam.
Gee asseblief jou naam by Pieter 082 923 1384 of Malie 072 373 7361 op teen
Donderdag, 20 November om 12:00.
Die ete is gratis, maar ŉ donasie sal baie welkom wees.
Ek hoop ons sien jou daar!

Spyskaart vir Nagmaalete 23 November 2025
Skoonma se tong, Hoenderpastei
Rysslaai met eier, spek, tamatie, uie soetrissie en mayonnaise, gevormde kaasslaai
Uitpakslaai – waatlemeon, pynappel, druiwer....
Nagreg – koekstruif (Trifle)

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb ŉ duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**
**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.



# Op die Kerkwerf


Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 39 Sondag 16 November 2025
*Redakteur:* Rudy van der Spoel 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net


**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste en Kategese:**
**Ouderling:** Wyk 3 **Vakant** en wyk 4 **Flip Mostert**
**Diaken:** Wyk 3 en 4 **Rudy van der Spoel**
**Skinkbeurt:** Wyke 10, 11 en 12: Suster **Wymie du Plessis**

**EREDIENSTE** Albei eredienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

---

**OGGEND Anré Venter** en **Willem Pretorius** ontvang vandag die geleentheid om in die openbaar belydenis van hulle geloof te doen. Saam met hulle en hulle ouers en ander geliefdes deel ons in hulle dankbaarheid en vreugde. Dit is ons gebed dat Anré en Willem die genade sal ontvang om te bly by wat hulle geleer het en wat hulle vas glo in die wete dat die HERE ook dit vir hulle sal voleindig. Geliefdes van Anré en Willem wat ons vandag besoek, is hartlik welkom in ons midde!
**Woordbediening:** Matteus 7.
**Fokusvers:** Matteus 7:24-27.
**TEMA:** ***Christus is die rotsvaste Fondament - bou op Hom in gehoorsaamheid!***
**Sing:** Psalm 46:1, 4; Psalm 31:1, 2; Psalm 119:4; Psalm 61:2; Psalm 20:2, 4; Skrifberyming 15-7 [43]:4, 5.
**Sing met meelewing:** Psalm 128:4.

---

**AAND Woordbediening:** Eksodus 34.
**Fokusvers:** Eksodus 34: 6

**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 6.
**TEMA:** ***God wat is wat Hy is, laat sy gelowiges nie uit genade val nie.***
**Sing:** Psalm 121:1, 2, 3; Psalm 98: 1, 2; Psalm 73:9, 10; Skrifberyming 10 - 2: 1; Psalm 121:4 (na die wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir *Uitdra van Evangelie*. Volgende week – Kerkkas
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI).

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Susan Coetzee** wat nog aansterk na die prosedure wat sy in Pretoria ondergaan het. Sy het ook die afgelope week 'n besoek by die gastroenteroloog in Potchefstroom gebring.

**Magda Pelser-van der Merwe** wat aansterk na die ingrypende oogoperasie wat sy onlangs gehad het.

**Nelis en Dina Coetsee** wie se kleindogter nog herstel na die neurochirurgie wat sy ondergaan het om 'n gewas te verwyder.

**Klaas en Malie Wyma** wat die afgelope week verdere toetse en ondersoeke ondergaan het.

Ons verseker ons broers en susters van ons volgehoue voorbidding vir hulle. Mag die God wat dinge wat nie bestaan nie tot hulle bestaan roep, ook vir u op die regte tyd uitkoms gee en mag u elke dag met nuwe krag versterk word om in die wedloop van die geloof te volhard.

**DANKBAARHEID**
Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het. Ons deel in die vreugde van **Hans en Lourensia Laufs** wie se kleindogter eerskomende Saterdag in die Kaap in die huwelik tree. Baie hartlik geluk en mag dit 'n geseënde en gelukkige huwelik wees.

## VERJAARDAE/HERDENKINGS GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| Wo | 19/11 | **Bianca Terblanche,** 076 124 8895. Wyk 8 |

**Sing met meelewing:** Psalm 128: 4

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 16/11 | 09:30 | Voorbereidingsdiens | |
| | | 17:00 | Diakonie vergader | Konsistorie |
| | | 19:00 | Kerkraad en Diakonie vergader | Kerkgebou |
| Di | 18/11 | 09:00 | Streeksinode Noordwes | GK Potch |
| So | 23/11 | 09:30 | **Nagmaal en gemeente –ete** | |
| So | 30/11 | 11:00 | Kersprogram | Kerkgebou |

| **KATKISASIE** | **Sondag 16 November** |
|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 23 (afsluiting) |
| **Lesrooster:** | Les 23 (afsluiting) |
| **Psalmvers:** | Psalms 47: 1 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 23 |
| **Memoriseerwerk** | Twaalf Artikels |

**BYBELSTUDIE**
- Die Bybelstudiebyeenkomste vind weer die week plaas: Dinsdagmiddag om 15:00 in die rooi sitkamer van Huis Eikelaan. Almal is welkom.

Die Bybelstudiegroepe van Woensdag en Donderdag sal egter eers weer op 26 en 27 November bymekaarkom.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**HUWELIKSHERDENKINGS**

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle god-saligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!

**ATTESTATE**

**Attestate ontvang:**

- Vanaf die Gereformeerde Kerk Hartbeespoort: **Matthys Johannes Grobler**; Woonagtig te Vasco Villa in Piet Bosmanstraat. Ingedeel in wyk 3. Diaken Rudy van der Spoel en wyksuster is Dina Coetsee.
- Vanaf die Gereformeerde Kerk Cachet: **Christoffel Aucamp Klopper**. Woonagtig te Reitzstraat 33, ingedeel in wyk 5. Ouderling Danie Erasmus, diaken Riaan Schutte en wyksuster Ineke Bakker.

**Lidmaatskap beëindig:**

**Eleonor Geyer** beëndig lidmaatskap met die GKSA. Sy sluit aan by die Christian Fellowship Church.




**Sondag 16 November om 15:30 Miederpark NG-kerk**

Kaartjies R 120 en R 60 (Skoliere en Studente)
beskikbaar by Klaas Wyma en Rudy van der Spoel
en by die deure



**Dit is die laaste Gemeente-aand en Hamburgerbraai van hierdie jaar. Kom ondersteun ons Diakonie**

# *HAMBURGERBRAAI*



**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

**VRYDAGAAND 28 NOVEMBER**



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:00 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384



**R 35** per hamburger. Pannekoek **R 5**. **Worsbroodjies R 35**

